Nog 'n eerste-in-Afrika by Panorama

Dr. Jonathan Leith, 'n spesialis-chirurg by Panorama Medi-Clinic, het op 15 Oktober die eerste keer die laparoskopie-tegniek daar uitgevoer. Die 'SILS'-tegniek (in Engels 'single-incision laparoscopic surgery') is vanjaar al hoe meer algemeen in Europa beoefen. Dr. Leith het begin September die metode in Frankryk gaan aanleer en dié kennis na Suid-Afrika gebring.

Die toestel waarmee die operasie gedoen word, het onlangs in Suid-Afrika gearriveer en die eerste galblaas-operasie op 'n vroulike pasiënt is met die enkelgaatjie-tegniek gedoen. Sy is die volgende oggend ontslaan.

Die grootste voordeel van die tegniek is dat daar in plaas van vier gaatjies (vir 'n galblaas) slegs deur een gaatjie gewerk word. Daar is dus minder trauma vir die pasiënt en dit hou ook ander voordele in. Die snytjie word in die naeltjie gemaak en is dus weggesteek en onsigbaar na die operasie. Pyn is ook minder as gevolg van minder ingryping tydens die operasie, en die kanse van infeksie is ook minder.

Die eerste operasie het 45 minute geduur, dieselfde tyd as die vorige metode. Die metode word tans in Europa veral vir galblaas- en blindederm-operasies gebruik, maar tegnologie het reeds weer verbeter en dit kan in die toekoms ook vir ander chirurgie oorweeg word. Die prosedure is egter nog baie nuut en slegs sekere mediese fondse wat bewus is daarvan, betaal tans daarvoor.